

Pelieshtyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kier nie? 8 Kyk, die oë van die Meester Yahweh is gerig teen die sondige koninkryk, en Ek sal dit van die aardbodem vernietig; maar Ek sal die huis van Yaákov nie totaal vernietig nie, sê Yahweh. 9 Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Yiesraël onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie. 10 Al die sondaars van my volk sal deur die swaard sterf, die wat sê: Die rampspoed sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie. 11 In daardie dag sal Ek die vervalte hut van Dawied weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhoop herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; 12 sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom<sup>1</sup> en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, sê Yahweh wat dit doen. 13 Kyk, die dae kom, sê Yahweh, dat die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrappier die saadsaaiër; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloe sal wees. 14 En Ek sal die nood van my volk Yiesraël verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. 15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê Yahweh jou Elohiem.

## OVADYAH<sup>2</sup> (OBADJA)

**OvadYah / Obadja 1:1** Die gesig van OvadYah. So sê die Meester Yahweh aangaande Edom: Ons het 'n tyding van Yahweh gehoor, en 'n boodskapper is uitgestuur onder die nasies om te sê: Staan op, en laat ons klaarmaak om teen hom te veg! 2 Kyk, Ek het jou klein gemaak onder die nasies, jy is baie verag. 3 Die vermetelheid van jou hart het jou bedrieg, o jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly, en in jou hart sê: Wie sal my op die

aarde neerwerp? 4 Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel – daarvandaan sal Ek jou neerwerp, sê Yahweh. 5 As daar diewe, as daar nagrowers na jou gekom het – hoe is jy vernietig! – sou hulle nie net soveel gesteel het as wat vir hulle genoeg was nie? As daar druiwesnyers na jou gekom het, sou hulle nie die na-oes laat oorbly het nie?<sup>3</sup> 6 Hoe is Esau deursoek! Is sy verborge skatte deursnuffel! 7 Al jou bondgenote het jou tot by die grens gestuur; die manne met wie jy vriendskap gehou het, het jou bedrieg, jou oorweldig; hulle lê 'n strik onder jou as jou brood. Daar is geen verstand in hom nie! 8 Sal Ek nie in daardie dag, sê Yahweh, die wyse manne uit Edom vernietig nie en die verstand uit die berge van Esau? 9 En jou helde sal verskrik wees, o Teman, sodat elkeen deur moord uit die berge van Esau uitgeroei sal word. 10 Weens die geweld teen jou broer Yaákov gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig. 11 Die dag toe jy daarby gestaan het, die dag toe vreemdes sy rykdom weggevoer en uitlanders deur sy poorte gedring en die lot oor Yerushalayiem gewerp het – toe was jy ook soos een van hulle! 12 En tog moes jy nie met genot die dag van jou broer aanskou het nie, die dag van sy rampspoed, en jou nie verheug het oor die kinders van Yehudah op die dag van hulle ondergang nie en nie gespog het op die dag van benoudheid nie! 13 Tog moes jy nie in die poort van my volk gekom het op die dag van hulle nood nie, moes jy ook nie met genot aanskou het sy rampspoed op die dag van sy nood nie en nie die hand uitgesteek het na sy rykdom op die dag van sy nood nie! 14 En jy moes nie gestaan het op die kruispad om sy vlugteling uit te roei nie en nie sy vrygeraaktes uitgelewer het op die dag van benoudheid nie. 15 Want die dag van Yahweh<sup>4</sup> is naby oor al die nasies; soos jy

<sup>1</sup> 9:12 Daar is 'n sterk vermoede dat die Masorete (wat op 'n laat stadium klinkers by die bestaande Hebreeuse teks bygevoeg het) 'n fout begaan het met hierdie woord en dat dit "Adam" in plaas van "Edom" moet lees.

<sup>2</sup> OvadYah beteken "Dienskneg van Yahweh".

<sup>3</sup> 1:5 Hierdie beginsel word deur die Torah voorgeskryf in Wayyiekra 19:9-10; 23:22 en Devariem 24:21.

<sup>4</sup> 1:15 Die "Dag van Yahweh" verwys na daardie "dag" (of toekomstige periode) wanneer Yahweh sy toorn oor die sonde van hierdie wêreld sal uitstort. Soms word dit bloot aangedui met die woorde "dié dag" of "daardie dag" – sien ook Openbaring 1:10.